# 23 Januarie 2024 - Lesing 221 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die missie van die laaste dissipels – 21/9/61

**NO: 7999** Julle, **My laaste dissipels van die eindtyd**, julle spreek Ek in die besonder aan, want julle moet help om die werk te voltooi. Julle moet julle heeltemal aan My wy, julle moet geen aandag skenk aan dit wat in die wêreld afspeel nie, julle moet slegs aan dit wat julle in julle harte gewaarword aandag skenk, julle moet na My luister wanneer en waar Ek ookal tot julle spreek. **Ek het julle saamgebring**, sodat julle bewus kan word van die groot werk wat julle nog voor die einde moet verrig. Ek werk Self met elkeen en in elkeen van julle en elkeen van julle sal My kan ervaar. Die een moet ondersteuning vind by die ander, want elkeen sal geestelike krag nodig hê, **krag wat ryklik uit My na hom toe sal stroom.**

Julle moet julle steeds as steunpilare van My ryk beskou, as hoekstene van My kerk wat Ek Self op aarde gestig het. Ek het julle terwille van hierdie taak na die aarde gestuur, want Ek het julle nodig in die laaste tyd voor die einde. My Gees moet in julle kan werk en My Wil moet aan die mense op aarde verkondig word. **Hulle sal My woord kan hoor in sy suiwerste vorm** en die stroom van My genade sal uitgestort word oor die mense wat van goeie wil is.

En daarom het Ek op aarde **tussenpersone nodig** wat die werking van My Gees in hulle toelaat, wat hulle vrywillig vir My aangebied het om daardie amp van tussenpersoon op hulleself te neem. Ek seën julle daarvoor, want die aarde is vir julle wat uit die ryk van die lig hier neergedaal het om My te dien, geen verblyfplek wat julle gelukkig sal stem nie. Maar Ek het **sterk steunpilare** nodig, wat teen My teenstander weerstand kan bied, **wat hom nie sal vrees wanneer hy teen hulle optree nie**. Ek het steunpilare nodig wat innig met My verbonde is en daarom ook vanuit My krag aktief kan wees op aarde.

En elkeen van julle sal die taak vervul waartoe hy homself vrywillig aangebied het. **Maar julle moet weet dat My Wil julle na die aarde gestuur het** en dat julle weë ook daarom voorbeskik is, dat julle steeds sal dink vanuit My Wil en dat julle handelinge ook deur My Wil gelei is. Vertrou daarom steeds op My krag Wie ook in die swakke magtig is.

Want mense sal julle tot verantwoording roep wanneer die geloofstryd ontbrand. Maar dan sal julle nooit alleen staan nie en julle sal julle ook nooit hoef te bekommer oor wat julle sal sê nie, want Ek Self sal julle die woorde in die mond lê en julle hoef waarlik die teenstander nie te vrees nie, want Ek staan aan julle sy, en hy verafsku My.

En omdat Ek Self by julle aanwesig is, ken julle geen aardse vrees meer nie. My lig in julle straal so helder dat daar ‘n ware vrede oor julle sal kom en julle daarom **ook op hoogte sal wees van julle herkoms** en maar net geluksalig die tydstip afwag, waar julle weer huiswaarts sal mag keer na My, na julle Vaderhuis.

Maar eers moet julle missie voltooi wees, want daar kom ‘n tyd van ellende oor die wêreld waarin julle nog veel hulp sal kan bied as julle geen openlike teenstand ondervind nie. **En hierdie hulp is die toesending van My Woord, die resultaat van My regstreekse aanspreking wat met My krag geseënd is.**

Ek wil nog baie mense aanspreek, omdat Ek weet dat hulle dan sal beswyk vir die aanstraling van My Liefde, dat hulle My kant sal kies en nog voor die einde hulleself sal probeer losmaak van My teenstander.

En van al hierdie moontlikhede is Ek op hoogte en Ek plaas julle oral daar waar ‘n siel vir My Woord ontvanklik is. En Ek sal julle ook solank van krag voorsien as wat julle My op aarde sal dien. Ek sal julle leiding in alle aardse aangeleenthede oorneem, Ek sal julle aardse sorge op My neem en julle moet julleself slegs sonder sorg aan My oorgee en doen waartoe julle aangespoor word, want dit is altyd My Wil wat Ek in julle sal plaas en wat julle ook self julle eie sal maak.

Want die tyd loop ten einde, nog ‘n rukkie en My Arm sal ingryp en ‘n geweldige verandering teweegbring wat ‘n geestelike en aardse uitwerking sal hê.

Maar die Liefde tot My skepsele sal vooraf ook nog alles doen om hulle te red van ondergang. En hierdie Liefde van My het julle ook bymekaargebring, sodat julle mekaar kan herken en weet waar julle vandaan kom.

(21 September) Julle almal werk vanuit My krag **omdat daar liefde in julle is, wat My Self in julle teenwoordig laat wees.** En so oorheers ook My Wil in julle wat julle aan My wy en My wil dien. Maar julle diens vir My en My ryk begin uiters moeilik te word, want die wêreldse verhoudings bly nie soos dit is nie en dan is groot krag en ‘n sterk wil noodsaaklik om alle teenstand aan die kant van hulle, wat My teenstander dien, baas te bly. En die een moet die ander weer sterk maak, want swakhede sal julle ook tydelik oorval as julle sien hoe weinig julle medemense onder die indruk raak as hulle geestelike voedsel aangebied word, wanneer julle tot hulle spreek in My Naam.

Julle het uit vrye wil na die aarde gekom om die mensdom by te staan in hul grootste geestelike nood. Julle is soos **‘n oase in ‘n geestelike woestyn** en elke reisiger sal by julle herstel en verkwikking vir sy siel vind.

Maar julle medemense jaag ‘n “fata morgana” (noodlot) na en hulle sal by julle verbygaan, op ‘n paar na wie julle nou, in My opdrag, spys en drank sal kan verskaf. ‘n Suiwer helder Bron laat die meeste vars lewenswater uit homself stroom en elkeen mag put uit die Bron, waar Ek ook maar vir julle die Bron van die lewe ontsluit het. Waar My Gees kan deurbreek, daar sal ook die verbinding met My duidelik sigbaar wees en **daar sal ook My seën duidelik te siene wees**, omdat Ek almal met My Liefde omvou wat met My verbonde is in Gees en in Waarheid.

En My bestuur en leiding sal ook waarlik duidelik blyk, want daar sal niks gebeur sonder My Wil of My toelating nie. En My Liefde herken altyd julle wil wat vir My alleen geld. En daar sal baie seën van julle

uitgaan, omdat die liefde julle aanspoor om te werk in die wingerd. Die liefde sal ook die resultaat verseker, omdat die liefde 'n krag is wat nooit sonder uitwerking bly nie. Die liefde sal so menige weerstand oorwin en deurdring in die harte van julle medemense, op voorwaarde dat hulle nie al 'n prooi geword het van die teenstander nie, dat hulle wil nie heeltemal weerspannig is en hulle daarom vyandig teenoor julle staan nie. Dan sou alle moeite tevergeefs wees, dan moet julle julleself van hulle afwend en in die stilte gaan – en van My krag vra om opnuut te werk vir My en My ryk.

En vanuit die noue band met My sal julle ook steeds weer die weg gewys word wat julle moet gaan om aan die siele redding te bring in geestelike nood. **My krag sal julle toestroom.** Ek sal met julle spreek, julle harte sal vinniger vir My in liefde klop, omdat julle vervul sal wees met die liefde vir My en vir die naaste.

Maar julle sal ook baie gou insien hoe min tyd nog aan die mensdom vergun is, want julle wat My dien, **sal ook op hoogte wees van My heilsplan van die ewigheid,** julle sal weet wat die aarde en die mensdom te wagte staan en julle sal ook weet dat die tyd vervul is. Julle ken egter ook My Liefde en dat Sy julle waarlik sal beskut, ook as die wêreld dreigend teenoor julle sal staan. Want Ek het julle nodig, My dissipels van die eindtyd en Ek sal julle vaste Begeleier wees op al julle weë - en julle sal kan werk met My en My krag. Amein.